

Genade en Geregtheid in Psalms en Spreuke



Sabbatmiddag

Leesverwysings vir hierdie week se studie:

Psalm 9:7-9, 13-20; Psalms 82, 101 en 146; Spreuke 10:4, hfst. 13:23 en 25, asook hfst. 30:7-9.

Geheeteks:

“Julle moet reg laat geskied aan die mens in nood en aan die weeskind, ’n regverdige uitspraak vir die hulpelose en die behoefte lewer, julle moet die mens in nood en die arme bevry, hulle uit die mag van die goddelose red” (*Psalm 82:3 en 4, NAB*).

Psalms en Spreuke beeld die gelowige se ervaring met God in die alledaagse lewe uit, in dinge wat nie net met formele aanbidding en ander religieuse aktiwiteite te make het nie. Spreuke bied die leser uiteenlopende brokkies wysheid, oor verhoudings en die gesinslewe tot by sakevernuf en goeie regering; terwyl Psalms ’n versameling liedere is wat ’n verskeidenheid emosies en geestelike ervarings, van roubetoning tot opgetoë lofprysing, en alles tussen-in dek. Hieruit blyk dit duidelik dat ons geloof elke sy van ons lewens, en ook die menslike ervarings wat ons het, behoort te raak. Hoekom? Omdat die Here oor elke sy van ons menswees besorg is.

Nietemin kan ons kwalik die lewe op hierdie sondige aarde bepeins sonder om oop kaarte te speel – ons móét erken dat onregverdigheid en ongelykheid die mensdom knaend pootjie. Die Skrif noem herhaaldelik dat alle vorms van onreg die Here pla, en dat Hy verligting vir die onderdrukte en die weerlose wil bring. Hy is die hopelose se enigste hoop. Hoewel ons hier slegs ’n oorsigtelike uiteensetting van Psalms en Spreuke se benadering tot hierdie onderwerp gee, kan vandeeweek se les jou hopelik inspireer om meer pro-aktief in die bediening van die armes, die onderdrukte en die verstotelinge te wees – mense wat ons daaglik omring en teenoor wie ons ’n verantwoordelikheid het.

**Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 27 Julie.*

Psalms: Liedere van hoop vir die onderdrukte

Soos ons reeds genoem het, sien en hoor die Here die beproewing en nood van die mens. In die Psalms hoor 'n mens dikwels die onderdrukte wat uitroep tot God om geregtigheid. Soms lyk dit of die gelowige se belydenisse oor die goedheid, regverdigheid en almag van die Here oorskadu word deur die onregverdigheid en onderdrukking wat die mense in hierdie liedere in die wêreld bespeur of self beleef het. Tog sing hulle steeds te midde van beproewing. Hulle hou verbete aan met leef en glo. By hulle het “die hoop nie beskaam nie” en daarom roep hulle met groot erns uit tot God. Hulle vra dat Hy dringend moet ingryp, ingryp voor dit te laat is – voordat die bose seëvier, en voordat die onreg wat hulle aangedoen word hul einde beteken. Op hierdie manier poog die psalmdigter om die gaping tussen geloofsbelydenis en die beproewings en tragedies van die lewe te oorbrug.

Lees Psalm 9:7-9, 13-20. Kan jy jou inleef in die krisis wat Dawid – die skrywer van dié psalm – hom hier bevind het? Is die spanning tussen sy geloof in Gods goedheid en sy probleme vir jou byna tasbaar? Het jy self al ooit 'n geloofskrisis te midde van groot beproewinge gehad?

Regdeur Psalms is daar ook 'n antwoord op dié toutrekkery tussen krisis en geloof: die hoop en belofte dat God eendag reg en billik sal oordeel. Hoewel onreg en boosheid oënskynlik getriomfeer het, is dit net tydelik. God sal die boosdoeners en die onregverdige oordeel. Hulle sal gestraf word, terwyl diegene wat hulle onderdruk en leed aangedoen het, herstel en vernuwe sal word. In *Reflections on the Psalms* gee C.S. Lewis sy aanvanklike verbasing te kenne oor die psalmdigters wat telkemale so opgewonde oor God se oordele was en selfs daarna uitgesien het, maar dat die moderne bybelleser dit nou grotendeels met vrees bejeën. Lewis oorweeg die oorspronklike Joodse siening in dié verband, en skryf dat “derduisende mense wat van al hul besittings gestroop is, mense wat die reg aan hulle kant gehad het, se saak uiteindelik aangehoor sal word. Natuurlik is hulle nie bang vir die oordeel nie. Hulle weet dat hul verhoë tot op hede onbeantwoord gebly het. As iemand tog net hul saak kon aanhoor! Wanneer die Here egter sy oordele bring, sal dit ten einde laaste gebeur” (C. S. Lewis, *Reflections on the Psalms* [New York: Harcourt, Brace and Company, 1958], bl. 11). In die Psalms sien ons die onderdrukte se hoop, te midde van die swaarkry en teleurstellings waarmee selfs hul moderne eweknieë te kampe het.

Watter rede het ons om die oordeel as iets positiefs te sien, en dit nie met vrees te bejeën nie?

“Staan op, o God, oordeel die aarde!”

Lees Psalm 82. Wat is die boodskap wat hier tuisgebring word?

Ten spyte van die ordelike bestel en geregleerde samelewing waartoe God die volk geroep het, toon die geskiedenis van die Hebreuse volk dat hulle periodiek in daardie Godsplan gefaal het. Te maklik het hulle die omliggende nasies se voorbeeld begin volg, met lewens wat deur onreg en onderdrukking gekenmerk is. Die gesagsfigure en owerhede van ouds het net aan hul eie belange gedink, en kon omgekoop word. Sonder ’n regstelsel om hulle te beskerm, was die gewone mense en veral die armes besonder kwesbaar vir uitbuiting.

Psalm 82 is die respons op dié probleem. Dit toon wat God se rol as die Hoofregter van die mensdom is, en beeld ’n hofsitting uit waarin Hy oor die volk se leiers en selfs oor hul regters oordeel. Psalm 82 wys daarop dat diesulkes “deur God aangestel is, om regters onder Hom te wees” (Ellen G. White, *Prophets and Kings*, bl. 198; klem verskaf). Hulle beklee daardie amp, en voer hul take uit, as verteenwoordigers en ondergeskiktes van die Here. In die psalmdigter se oë is God se regverdige oordele ’n praktiese model vir reg en geregtigheid op aarde, en dit vorm ook die maatstaf waaraan geregtigheid op hierdie planeet, en ook diegene wat dit laat geld – geoordeel word.

Die psalm sluit af met die skrywer wat ’n beroep op God doen. Hy vra die Here om in te gryp (*Ps. 82:8*), om tussenbeide te tree en die onregtigheid wat onder sy mense hoogty vier tot ’n einde te bring. Soos baie van die psalms gee hierdie een ’n stem aan die stemlose en aan die onderdrukte; aan diegene wat binne ’n stelsel van ongelykheid en onregverdigheid moet woon en werk, mense wat daardeur stilgemaak is. In Psalm 82 wend die psalmdigter hom tot God, in sy hoedanigheid as Oppergesag en -regter oor die nasies. Daar is geen hoër hof of gesag tot wie die mens hom (of haar) kan wend nie. Dit bied ons die versekering dat wanneer aardse howe nie die noodkreet van die armes en onderdrukte hoor of erns met hul sake maak nie – wat dikwels die geval is – hulle steeds die onvervreembare voorreg het om by God aan te klop.

Daar kom ’n tydstop – en dit verskil van persoon tot persoon – dat ’n mens self die slagoffer van ongeregtigheid is. Dan is daar weer kere dat jy die oortreder is – jý doen iemand ’n onreg aan of jý trek voordeel uit die onreg wat iemand aangedoen word. Ongeag of jy die slagoffer of die oortreder is, skrifgedeeltes soos Psalm 82 gee ’n mens die nodige insig en wysheid in dié verband. God is selfs besorg oor die onregverdige regters. Hy beskryf hulle boonop as sy kinders en begeer dat hulle ’n beter paadjie sal volg (*lees Ps. 82:6*). Daar is selfs hoop vir diegene wat die onreg veroorsaak het, indien hulle natuurlik bereid is om te verander.

'n Koning se beloftes

Die raad in Psalm 101 is eintlik op leiers afgestem. Wat kan 'n mens hieruit put, ongeag die posisie wat jy beklee of jou stand in die lewe?

Psalm 101 is 'n teks vir leiers. Dit word algemeen aanvaar dat hierdie lied in die beginjare van Dawid se regering geskryf is, en is moontlik 'n weergawe van sy kroningseed. As 'n voormalige soldaat in koning Saul se leër, wat op die ou einde deur hom vervolgt is, het hy presies geweet watter skade 'n afvallige koning in 'n land en in sy eie huishouding kan aanrig. Dawid was vasbeslote om op die nou paadjie te bly. Min van ons sit in die boonste gestoeltes van die politiek en die regering. Tog het elkeen van ons 'n rol in die beïnvloeding en aansporing van ander te speel. Hierdie invloed wat ons het, kan op verskeie plekke wees – by ons werkplekke, in ons gemeenskappe via gemeenskapsbetrokkenheid, en in ons gesinne of kerkgesinne. Aangaande een van hierdie invloedsfere en die leierskap wat dit vereis, skryf Ellen G. White: “Psalm 101 is 'n eed wat Dawid afgelê het, een waartoe elkeen hom/haar moet verbind wat die taak opgelê is om die gesin teen afbrekende invloede te beskerm” (*Counsels to Parents, Teachers, and Students*, bl. 119).

Met elke nuwe leier wat oor ons aangestel word, moet ons bereid wees om die kans te benut en hierdie beginsels by daardie persoon tuis te bring – beginsels wat ons self ook voor hulle moet utoelief. Boonop het elkeen van ons die geleentheid om, in ons onderskeie leierskapsrolle en invloedsfere, Dawid se leierskapsbeginsels toe te pas en sodoende ander tot seën te wees. Dawid begin sy loflied deur die Here vir sy trou, geregtigheid en grote genade te vereer (let op die onderskeie vertalings van Ps. 101:1 in Engelse en Afrikaanse vertalings). Dit vorm die grondslag vir elke beginsel wat hy as leier van voorneme was om te volg. Hierdie eerste beginsels wou hy in sy werk en sy lewe aanleer en beoefen. Gevolglik moes hy die lokstem van wandaad, korrupsie en oneerlikheid teëstaan – die tipiese strukke waarin mense met mag en leierskapsmandate dikwels trap. Goeie raadgewers is van onskatbare waarde vir elke leier wat reg wil laat geskied. Met dié besef belowe Dawid plegtig om betroubare raadgewers te vind en eerlike beamptes aan te stel. Sy leierskap moes ook deur trou, geregtigheid en genade gekenmerk word – net so dié van die mense wat vir, en saam met, Hom gewerk het.

Die meeste van ons het nie raadgewers en beamptes tot ons beskikking nie. Hoe kan 'n mens jou nietemin met die regte soort invloede omring – dié wat jou help om 'n lewe van reg, geregtigheid en genade te lei; of om 'n leier te wees wat hom of haar (sover moontlik) vir hierdie dinge beywer, sodat die vertrapte en behoeftige geregtigheid kan kry?

Om te wandel met God

Teen die einde van Psalms bereik die lofprysing ’n absolute hoogtepunt, in die vorm van opeenvolgende crescendo’s. Die laaste vyf begin telkens met die eenvoudige dog regstreekse bevel: “Halleluja! Loof die Here!” (OAB). Nietemin laat val die eerste van dié Halleluja-psalms, Psalm 146, die klem op ’n unieke plek: ons moet die Here aanbid omdat Hy medelye met die arme en die onderdrukte het.

Lees Psalm 146. Watter boodskap word hier tuisgebring? Wat sê die Here vir ons, veral in verse 5-9?

Met die sekerheid dat God gewis die skepper van hemel en aarde is (*lees Ps. 146:6*) wys hierdie psalm op sy voortgesette werk as die regter, voorsiener, bevryder, geneesheer, helper en beskermheer van hierdie planeet – en boonop met die klem op bepaalde mense wat God se hulp in hierdie onderskeie hoedanighede benodig. Dit is ’n geweldig inspirerende blik op die dinge wat God in ons lewens, in ons gemeenskappe en in die wêreld doen, en van die dinge wat Hy boonop vir al hierdie partye begeer. Soms dink ons aan die versorging van behoeftiges as iets wat ’n mens moet doen omdat God so sê. Tog wys Psalm 146 daarop dat God dit reeds doen – en dat Hy ons derhalwe nooi om dit saam met Hom te doen. Wanneer ’n mens dinge soos armoede, onderdrukking en siekte bestry, werk jy daadwerklik saam met God en in ooreenstemming met sy wil. Kan ’n groter voorreg ons te beurt val – om saam met God die vervulling van iets so inspirerend as Psalm 146 te verwesenlik?

Tog hou dit ook voordele vir ons in. Gelowiges praat dikwels van hul soeke na God en die begeerte na ’n nouer wandel met Hom. Tog wys skrifgedeeltes soos Psalm 146:7-9, en ook vele ander in die Bybel, ’n mens daarop dat die gelowige die Here veral vind deur saam met Hom te werk. As die Here Hom dus aktief vir die arme, die sieke en die onderdrukte beywer – soos Psalm 146 te kenne gee – behoort ons dit ook saam met Hom te doen. “Jesus het aarde toe gekom om tussen die arme en die versukkelde te wees, en onder hulle te werk. Hy het sy aandag grotendeels op hulle gevestig. Vandag [doen Hy dit steeds] deur sy kinders wat arm en behoeftige mense besoek, en hul swaarkry en lyding te verlig. “Sonder swaarkry en behoefte sou ons glad nie Gods genade en liefde kon verstaan nie. Ons sou Hom beslis ook nie as ’n barmhartige en simpatieke vaderfiguur – ons hemelse Vader – kon ken nie. Wanneer dit by die hoogste uitdrukking van deugde kom, plaas die evangelie die klem op die hulp wat [ons] aan die mees behoeftige en mees verstote gemeenskappe op aarde bring” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 7, bl. 226).

Naastediens bring ’n mens nader aan God. Hoe ervaar jy dié verskynsel?

Spreuke: Barmhartigheid vir die behoeftiges

As 'n versameling wysede dek Spreuke 'n wye verskeidenheid onderwerpe en belewenisse. Dit sluit onder meer bepeinsings oor armoede, rykdom, tevredenheid, reg en geregtigheid, asook die gebrek daaraan in – en soms vanuit verskillende invalshoeke. Die lewe is maar moeilik, 'n paadjie wat kronkel en nooit reguit loop nie. Dit is dié dat Spreuke ons attent maak op die verskillende situasies en keuses wat bepaal hoe die mens sy of haar lewe – en selfs hoe God se getroue kinders hul lewens – lei.

Lees en vergelyk die volgende gedeeltes uit Spreuke – 10:4; 13:23, 25; 14:31; 15:15, 16; 19:15, 17; asook 30:7-9. Wat sê hierdie skrifgedeeltes met betrekking tot rykdom, armoede en hulp aan die behoeftiges?

Spreuke beklemtoon God se medelye met arm en kwesbare mense in die samelewing, dat hulle en hul lot sy aandag geniet. Soms is mense arm vanweë ongunstige omstandighede, swak keuses of uitbuiting. Wat die presiese oorsaak ook al is, God bly steeds hul Skepper (*lees Spr. 22:2*) en hul Beskermer (*lees Spr. 22:22, 23*). Hierdie mense moet nie onderdruk word of van misbruik gemaak word nie, watter foute hulle ook al begaan het.

Hoewel Spreuke ons inderdaad op 'n beter lewe wys, lei die navolging van daardie wysheid en ook ons gehoorsaamheid aan God nie altyd tot seëninge in die vorm van geldelike rykdom nie. Getrouheid aan die Here is hier belangriker en, in 'n geestelike sin, meer lonend as stoflike gewin: “Liewer min hê en reg lewe as baie inkomste hê deur onreg” (*Spr. 16:8, NIV*). 'n Verdere kwessie in Spreuke is eerlikheid en billikheid – in die sakewêreld, in die regering, en in die handhawing van reg en geregtigheid (*lees Spr. 14:5, 25; 16:11-13; 17:15; 20:23; 21:28; 28:14-16*). Spreuke bemoei hom nie net met die individu se lot nie, maar bied ons ook insigte oor hoe die samelewing as 'n geheel tot almal se voordeel kan werk, veral ter beskerming van die weerlose. Voorts word dit opnuut onder ons aandag gebring dat regerings hul gesagsposisie aan God te danke het (*Spr. 8:15, 16*), en derhalwe as tussengangers van sy genade en medelye teenoor die behoeftiges moet optree.

Dit verg niks om mense wat swaarkry te bejammer nie. Hoe kan die gelowige daardie gevoel in aksie omskakel?

Vir verdere studie:

Lees Ellen G. White – “The Last Years of David” op bl. 746-755 in *Patriarchs and Prophets*, en C. S. Lewis – “‘Judgment’ in the Psalms” op bl. 15-22 in *Reflections on the Psalms*. “Die psalms van Dawid dek ’n wye aantal belewenisse, vanaf die diepste skuldbesef en selfveroordeling denkbaar, tot die hoogste uitdrukking van geloof en mees verhewe omgang met God. Dawid se lewensverhaal is ’n stille getuienis dat sonde net skande en skade bring – maar ook dat Gods liefde en genade ’n mens in die diepste donker put van sonde kan vind, en die belydende sondaar deur sy/haar geloof daaruit kan optrek, om aangeneem te word as kind van God. Van al die geloofsekerheid wat die Woord ons bied, is dié een seker die kragtigste getuienis oor die getrouheid, die geregtigheid en die verbondsgenade van God” (Ellen G. White, *Patriarchs and Prophets*, p. 754). Aangaan Spreuke en die wysshede wat daarin vervat is, skryf sy: “Die welstand van die samelewing, en ons omgang in die openbare en religieuse sfere, is hierin opgesluit. Dit is hierdie beginsels wat eiendom en die lewe bewaar. Oral waar onderlinge vertrouwe en samewerking wel bewerkstellig word, het ons die wet van God te danke soos dit in sy Woord staan. Dit gebeur ook waar daardie beginsels ’n indruk op die hart van die mens maak, al is dit soms net liggies of al het [sonde] dit byna totaal vervaag” (Ellen G. White, *Education*, bl. 137).

Vrae vir bespreking:

1. In watter opsigte beskou jy jouself as ’n leier of as iemand wat ’n invloed op ander het? Hoe kan jy jou vir reg en geregtigheid in daardie sy van jou lewe beywer?
2. Dink ’n bietjie aan die kulture en maatskaplike strukture in jou woonbuurt/gemeenskap. In watter maniere kan jy binne daardie raamwerk die lot van behoeftiges verbeter?
3. Hoekom is die beginsels van geregtigheid, regverdigheid en billikheid so belangrik vir ’n sterk en gesonde samelewing?
4. Die Spreuke van Salomo fokus op lewenswysheid. Wat sê dit vir ons omtrent die tipe Opperwese wat God is?

Opsomming:

Psalms en Spreuke is beide afgestem op die uitdagings van ’n Godgerigte lewe te midde van die alledaagse lewe se ervarings en beproewings. Beide gee ons insae in God se groot drome vir die samelewing, asook sy unieke besorgdheid oor die arme en onderdrukte. Die noodkreet wat die psalmdigter verwoord, en die raad wat die wysgeer ons skenk, is dat God wel kennis neem van die verstoteling en geëksploiteerde – ’n algemene tragedie in ons samelewing – en dat Hy hulle sal beskerm. Siende dat God Hom vir hierdie dinge beywer, behoort ons dit ook te doen.